POL/SAIC

POLITICAL DEVELOPMENT



341/4

Political Development

HOOFSTUK 4

POLITIEKE ONTWIKKELING

Die Suid-Afrikaanse Indiërraad.

Die politieke ontwikkeling van die Indiërs in Suid-Afrika is gerotfveer deur die Regering se verklaarde beleid dat daar 'n bestuursliggaam met 'n parlementere karakter vir hulle ontwikkel moet word met wetgewende en administratiewe magte in sake waarby hulle belang het.

Om hierdie beleid ten uitvoer te bring - die verwesenliking daarvan is as een van die hooffunksies van die Departement beskou - is kontak met vooraanstaande lede van die Indiërgemeenskap gemaak. Samesprekings op verskeie vlakke met individue, groepe en organisasies het plaasgevind en het uiteindelik uitgeloop op 'n konferensie wat te Landdrum, Pretoria, op 10 en 11 Desember 1963 gehou is, en waarvan die doel soos volg uiteengesit is deur die destydse Minister van Indiërsake, Sy Edele W.A. Maree (vertaal):-

"Dit is die voorneme .... om met verloop van tyd 'n verteenwoordigde Indiërraad in die lewe te roep, wat uiteindelik uit verkose verteenwoordigers sal bestaan met wetgewende en administratiewe magte ten opsigte van alle aangeleenthede wat die Indiërgemeenskap regstreeks raak, soos maatskaplike dienste, onderwys, plaaslike bestuur, ens. Die Raad sal ook, op die hoogste vlak die Regering en ander Ministers raadpleeg oor alle sake van belang vir die Indiërgemeenskap .... "

Op die konferensie wat bygewoon is deur ongeveer 100 Indiërs van oor die hele land, is die noodsaaklikheid van die stigting van 'n liggaam wat kon dien as 'n kanaal vir raadpleging tussen die Regering en

die Indiergemeenskap, erken. Met die sluiting van die konferensie het die afgevaardigdes die volgende gesamentlike verklaring uitgereik. (Vertaal)

"Hierdie vergadering van die lede van die Indiërgemeenskap van die Republiek van Suid-Afrika wat verskeie belange in die lewe verteenwoordig en wat in hul persoonlike hoedanighede vergader het om oorweging te skenk aan die voorstel van Sy Edele die Minister van Indiersake dat 'n Nasionale Indiërraad gestig word, besluit.

(a) Die aanvaarding van die stigting van die "Nasionale Indierraad" as 'n tussentydse maatreël tot tyd en wyl dit vir die Regering raadsaam word om die huidige vorm van verteenwoordiging te verbeter.

(b) Dat sodanige Raad aanvanklik saamgestel word uit 25 lede vanuit die Republiek van Suid-Afrika op 'n provinsiale grondslag en verteenwoordigend is van die verskeie belange van die Indierlewe, bv. onderwys, handel, nywerheid, landbou, maatskaplike welsyn, vervoer, gemeenskapsontwikkeling en behuising, plaaslike bestuur, gesondheid, arbeid, sport en andere.

(c) Dat sodanige Raad wat so saamgestel is, sal voortgaan om te dien tot tyd en wyl die gemeenskap in staat is om verteenwoordigers volgens aanvaarde demokratiese norme te kies.

(d) Dat tot tyd en wyl die eerste vergadering van die Nasionale Indiërraad gehou en sy magte en funksies ten volle gedefinieer is, in 'n gees van samewerking, welwillendheid en ernstige strewe, 'n spesiale versoek tot die Regering gerig word om hom te weerhou van alle ongunstige maatreëls wat die Indiergemeenskap tans raak. Die konferensie besluit verder dat die Minister die inisiatief moet neem deur die eerste lede van die Nasionale Indiërraad aan te stel."

Handelende op die besluit van die Laudium-konferensie, het die Minister van Indiërsake in 'n persverklaring op 1 Februarie 1964 die instelling van 'n Nasionale Indiërraad (die naam is later verander in die Suid-Afrikaanse Indierraad) en die aanstelling van die volgende lede daarvan, aangekondig.

Mnre. A. Anthony en H.E. Joosub van Pretoria,
Mnre. A. Habib en N. Phillip van Johannesburg,
Dr. N.P. Desai en mnre. A.S. Kajee, A.G. Khan en Jack Naidoo van Durban,
Mnr. Y.S. Chinsamy van Verulam,
Mnr. E.G. Ellery van Dannhauser,
Mnr. G.M. Ingar van Port Shepstone,
Mnr. M. Nolliah van Pietermaritzburg,
Mnr. E.M. Moolla van Stanger,

Dr. B. Rumbelitch van Tongaat,
Mnr. S. Rassool van Ladysmith (Natal),
Mnr. N.K. Singh van Newcastle,
Mnr. M.D. Coovadia van Bethal,
Mnr. C.S. Moodley van Benoni,
Mnr. G.N. Naidoo van Kimberley,
Mev. V. Gopaul van Kaapstad,
Mnr. G.J. Patel van Simonstad.

Mnr. E.G. Fliery van Dannhauser het kort na sy aanstelling bedank en is opgevolg deur mnr. G.M. Singh van Pietermaritzburg.

Die Onderstydse Sekretaris van Indiërsake, mnr. J.P.H. van der Merwe, as ex officio voorsitter van die Raad aangestel aangesien daar gevoel is dat sy teenwoordigheid die kontak tussen die Raad en die Regering sou vergemaklik. Oor die status en die toekoms van die nuwe raad, het die Minister gesê (vertaal) -

"Ek wil dit baie duidelik stel dat die stigting en samestelling van die Raad in hierdie stadium, noodsaaklikerwys, 'n suiwer administratiewe reeling, met wes, ontwerp om die nodige masjinerie daar te stel om voorsiening te maak vir kontak en raadplegende fasiliteite. Dit is nie die bedoeling dat die Raad in sy huidige voorlopige vorm sal ontwikkel tot die uiteindelike permanente liggaam wat beoog word nie, maar na die nodige oorlegpleging sal wetgewing met verloop van tyd ingedien word om voorsiening te maak vir die instelling van n statutere Raad".

Dit is dus duidelik dat die Regering die Raad wat op 3 Februarie 1964 gestig is, gesien het as "n suiwer administratiewe reëling ontwerp om die nodige masjinerie daar te stel om voorsiening te maak vir kontak en raadplegende fasiliteite".

Alhoewel die Raad, wat sy eerste vergadering in Kaapstad op 23, 24 en 25 Maart 1964 gehou het, ingestel was as 'n administratiewe reëling en dus geen statutêre status gehad het nie, was dit die eerste mondstuk van die Indiërbevolking wat deur die Regering erken is. Verder was die Raad die eerste direkte raadplegende masjinerie tussen die Regering en Indiërs. Die Raad het, soms ondanks ernstige kritiek van sy eie mense, sy vermoë bewys om objektief oor aangeleenthede raakende die Indiergemeenskap te beraadslaag en is dikwels vir die hanteering van sake onder moeilike omstandighede geprys. Op hierdie wyse is die fondamente gelê vir die volgende stap in sy ontwikkeling, naamlik die instelling van 'n statutêre liggaam in ooreenstemming met die versekering wat die Minister gegee het toe hy die instelling aangekondig het.

Die Wet op die Suid-Afrikaanse Indiërraad, (Wet 31 van 1968), is op 26 Maart 1968 aangeneem en het op 1 Julie 1968 in werking getree. Die Wet maak voorsiening vir 'n Raad van nie meer as 25 lede nie wat deur die Minister aangestel word vir 'n tydperk van drie jaar op 'n provinsiale grondslag in sodanige verbouding as wat die Minister mag goeddink, 'n

voorsitter gekies deur die Raad uit te gelederde en vir 'n Uitvoerende Komitee van vyf lede waarvan die Minister die voorsitter aanstel terwyl vier deur die Raad gekies word.

Die eerste statutere Suid-Afrikaanse Indiëraad is aangestel met ingang van 1 September 1968 en het uit die volgende persone bestaan:

Vir Natal: Mnre. H. Bodasing, Y.S. Chinsamy, K.P. Desai, R.A. Govender, A.G. Khan, dr. I.A. Kajee, mnre. E.M. Moolla, S.R.B. Naidoo, H.N. Naran, P.R. Pather, A.M. Rajab, dr. B. Rambiritch, mnre. J.N. Reddy, G.M. Singh, M.E. Sultan.

Vir Transvaal: Mnre. S. Collakoppen, M.D. Coovadia, V. Govender, A. Ismail, H.E. Joosub, I.E.H. Mayet, N. Phillip.

Vir die Kaapprovinsie: Mnre. R.Bhana, C. Palsania, G.M. Patel.

Die samestelling van die Raad het sedertdien soos volg verander:

(i) Dr. M.B. Naidoo in die plek van dr. B. Rambiritch (oorlede),

(ii) Mnr. S.I. Vawda in die plek van mnr. E.M. Moolla (bedank as gevolg van swak gesondheid - sedertdien oorlede),

(iii) Mnr. A.M. Moolla in die plek van mnr. P.R. Pather (oorlede).

Mnr. H.E. Joosub is gekies as voorsitter van die Raad, 'n posisie wat hy nou nog beklee.

Mnr. P.R. Pather is deur die Minister aangewys as voorsitter van die Uitvoerende Komitee terwyl mnre. Y.S. Chinsamy, A.G. Khan, A.M. Rajab en M.E. Sultan deur die Raad as lede van die Uitvoerende Komitee gekies is.

Na mnr. Pather se dood op 27 Januarie 1970 is mnr. A.M. Rajab as voorsitter van die Uitvoerende Komitee aangestel, terwyl mnr. J.N. Reddy gekies is om die gevolglike vakature in die Uitvoerende Komitee te vul.

Die setel van die Raad is in Durban, waar vergaderings gewoonlik in Februarie, Junie en Oktober gehou word. Die Uitvoerende Komitee vergader meer gereeld, somtyds op kort kennisgewing afhangende van die dringendheid van sake. Alle items vir die agendas van Raadsvergaderings word deur die Uitvoerende Komitee oorweeg voor dit op die agendas geplaas word.

Die funksies van die Raad soos omskryf in artikel 13 van die Wet is soos volg:

- om die Regering op sy versoek te adviseer oor alle sake rakende die ekonomiese, maatskaplike, kulturele, opvoedkundige en staatkundige belange van die Indiërbevolking van die Republiek;

- om aanbevelings en besluite van die Onderwysadviesraad ingestel kragtens artikel 31(1) van die Wet op Onderwys vir Indiërs, 1965 (Wet 61 van 1965), te ontvang en te oorweeg;

- om by die Regering aanbevelings te doen in verband met alle sake rakende die ekonomiese, maatskaplike, kulturele, opvoedkundige en standkundige belange van die Indierbevolking van die Republiek;

- om by die Regering aanbevelings te doen in verband met enige beplanning wat na die mening van die Raad bereken is die belange van die Indiërbevolking te bevorder.

- om oor die algemeen te dien as 'n skakel en 'n verbindings- en oorlegpleginsmiddel tussen die Regering en die Indier bevolking.

DIA 3 (a)

Telegramadres "PROTECTOR"
Telegraphic address
Navrae Enquiries Mnr B.G. Green
Tel. No. 37-2351
Bylyn Ext.

Verwysing Reference

No. 16/9/2

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA · REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTEMENT VAN INDIËRSAKE · DEPARTMENT OF INDIAN AFFAIRS

DIE STREEKVERTEENWOORDIGER
THE REGIONAL REPRESENTATIVE

Esplanadestaatskantore (Stangerstraat)
Esplanade Government Offices (Stanger Street)

H/v Victoria-oewerroord en Stangerstraat
Cor. of Victoria Embankment and Stanger Street

Privaatsak/Private Bag X54330

DURBAN

4000

SPOEDPOS

14 08 1979

Mej. Susan Swart
Hoërskool Outeniqua
GEORGE
6530

Geagte mej. Swart

GESKIEDENIS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE INDIËRRAAD

In antwoord op u brief van 7 Augustus 1979 geaddresseer aan die Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Indiërraad wat eers op 13 Augustus hier ontvangs is, word die volgende inligting i.v.m. die Raad weergegee:-

1. Die gedagte aan verteenwoordiging vir Suid-Afrikaanse Indiërs het begin by die aanvaarding deur die Regering gedurende 1961 dat die Indiërs voortaan as 'n integrale en permanente deel van die Suid-Afrikaanse bevolking erken sou word. Voor hierdie datum was Indiërs nie as 'n Suid-Afrikaanse bevolkingsgroep erken nie en het wetgewing bestaan wat voorsiening gemaak het vir hulle repatriasie na Indië en Pakistan indien hulle daarvan gebruik sou wou maak.

2. Daarna is die Departement van Indiërsake in Augustus 1961 gestig om spesiaal die Indiërgemeenskap van diens te wees in hulle besondere probleme met paspoorte, registrasie van geboortes huwelike en sterfgevalle en die betaling van maatskaplike en ouderdomspensioene. Die Departement het ook sterk tevore getree as 'n tussenganger met ander owerhede en instansies om toe te sien dat die Indiërs se behoeftes aangaande behuising, groepsgebiede, welsynsaangeleenthede, werkverskaffing, opleiding ens. nie oor die hoot gesien word nie.

Gedurende hierdie tyd het die destydse Minister van Indiërsake ook 21 Indiërs aangestel om in 'n Nasionale Indiërraad te dien wat hy kon raadpleeg oor Indiëraangeleenthede. Dit was egter nie 'n statutêre liggaam nie. Die naam is later verander na die Suid-Afrikaanse Indiërraad.

3. Die volgende ontwikkeling was die stigting van die Eerste Suid-Afrikaanse Statutêre Indiërraad. Dit het gevolg op die inwerkingtreding van 'n spesiale wet van die Parlement, naamlik die Wet op die Suid-Afrikaanse Indiërraad 1968 wat op 1 Julie 1968 in werking getree het. Die destydse Minister van Indiërsake, Senator A.E. Trollip het toe 25 lede elk vir 'n dienstermyn van drie jaar, aangestel. (let wel - op daardie stadium was daar nie verkose lede nie). Nege van hierdie oorspronklike lede dien nog in die Raad.

4. Die eerste statutêre raad is nie beklee met enige uitvoerende magte nie, d.w.s. daar was nie wetgewing wat spesifiek en uitsluitelik deur hul geadministreer is nie. Nogtans in 'n adviserende hoedanigheid kon hulle toesien dat Indiërs se belange beskerm word. Die Regering kon ook van die rekord van samesprekings aflei wat die Indiërgemeenskap se gevoelens oor sake van belang was.

5. Die dienstermyn van die Raad is van tyd tot tyd verleng en nuwe lede is aangestel soos benodig tot die jaar 1974, toe 'n belangrike mylpaal bereik is. Die Eerste Raad is in Augustus 1974 ontbind en sedert die Uitvoerende Komitee het bly fungeer totdat verkiesings vir 'n nuwe raad gedurende November 1974 gehou is.

6. Dit sal nodig wees om kortliks te verduidelik hoe die verkiesings toe gehou is. Aangesien daar op daardie stadium nie 'n algemene kieserslys vir Indiërs bestaan het nie, kon 'n verkiesing soos onder Blankes vir die Volksraad die geval is, nie gehou word nie. Instede daarvan is die indirekte kieskollegestelsel gebruik. Indiërs is teen daardie tyd verteenwoordig op plaaslike owerheids-vlak (munisipaliteite) deur buurtsake komitees in Natal en raadplegende en bestuurskomitees in Transvaal en Kaapprovinsie. Vir die verkiesing van die komitees was daar kieserslyste in gebruik. Daar is toe besluit dat die lede van hierdie komitees kandidate kon benoem en vir 15 stem. 'n Verdere 15 sou deur die Minister van Indiërsake aangestel word wat die aantal lede in die Raad, op 30 testaan sou bring.

7. Die Tweede Indiërraad wat nou nog in werking is beskik oor wetlike magte, d.w.s. beslissings onder sekere wette aangaande onderwys en welsynsaangeleenthede moet deur die Raad goedgekeur word. Dit is magte wat voorheen deur Kabinetsministers uitgeoefen was. Oor alle aspekte wat die gemeenskap raak word die Raad ook volkome gekonsulteer.

. Sedert November 1974 is 'n kieserslys vir Indiërs opgestel vir die verkiesing van 'n ten volle verkose liggaam wat moontlik vroeg aanstaande jaar sal plaasvind.

. Ek vertrou dat die bostaande inligting vir u van hulp sal wees.

. 'n Uittreksel uit die Departement van Indiërsake se verslag vir die tydperk 3/8/61 tot 31/12/70 word ook vir u inligting aangeheg.

' uwe

EEKVERTEENWOORDIGER